

# 2

## **DIE BYBEL LEER ONS OM REG TE LEWE** **Ek is Jesus se kind**

### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat die Here ons in die Bybel leer om reg te lewe.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat ons –

- altyd die waarheid moet praat.
- moet leef soos die Bybel sê ons moet leef.
- die Bybel moet ken en vir ander mense van die Bybel moet vertel.
- altyd moet glo en weet dat ons God se kind is en dat Hy vir ons lief is.
- altyd moet glo dat God ons sal help en ons sal beskerm.
- die Bybel moet ken en moet weet hoe om dit reg te gebruik.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- graag oor die Bybel wil praat
- graag die Bybel wil ken en daarvolgens wil leef.
- lief wees vir God en die Bybel.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet die simbole van die wapenrusting aan die hand van die vingers aan hul dominante hand memoriseer.

## MEER INLIGTING (Efesiërs 6: 10-13)

- Kinders van God praat altyd die waarheid.
- Ons moet leef soos God se Woord, die Bybel, sê dat ons moet leef.
- Ek moet die Bybel ken en vir ander mense van die Bybel vertel.
- Ek moet altyd glo en weet dat ek God se kind is en dat Hy vir my lief is.
- Ek moet altyd glo dat God my sal help en my sal beskerm.
- Ek moet die Bybel ken en weet hoe om dit reg te gebruik.
  - My eerste wapen is WAARHEID – bind die BELT (gordel) om die lyf.
  - My tweede wapen is DOEN REG OF LEEF REG (VRYSPRAAK) – sit die BORSHARNAS aan.
  - My volgende wapen is VERTEL die goeie BOODSKAP (EVANGELIE) – trek die STEWELS aan.
  - My vierde wapen is GLO IN GOD (GELOOF) – hou die SKILD in een hand vas.
  - My vyfde wapen is GOD BESKERM MY (VERLOSSING) – sit die HELM op die kop.
  - My laaste wapen is DIE BYBEL (WOORD VAN GOD) – hou die SWAARD in die ander hand vas.

Kom ons gesels kortliks oor elke deel van die wapenrusting.

- *Kinders van God praat altyd die waarheid:* Romeinse soldate het los klere gedra en moes 'n gordel (of belt) dra om die lospassende klere vas te bind. Daarsonder sou hulle maklik die klere kon vastrap en val. Die belt moes ook hul maag en ingewande beskerm. In Efesiërs 6 is die gordel 'n simbool vir die waarheid. Dit is beter om die waarheid te praat as jy iets verkeerd gedoen het as om te jok omdat jy bang is vir straf. Ons moet die Bybel so goed moontlik ken sodat ons kan weet wat die waarheid is.
- *Kinders van God doen reg en leef reg:* Die borsharnas van die soldaat het die hart en longe beskerm. Die harde plaat wat oor die bors aangetrek is, moes keer dat die vyand se swaard of spies die soldaat se borskas binnedring. In Efesiërs 6 beteken die harnas dat ons moet leef soos God se Woord, die Bybel, sê dat ons moet leef al is ons klein, sodat ons ook so kan lewe wanneer ons groot is.
- *Kinders van God moet die Bybel ken en vir ander mense van die Bybel vertel:* Skoene was 'n belangrike deel van die soldaat se uitrusting. Daarmee het hy vorentoe beweeg en uitgekom waar hy moes wees. In Efesiërs 6 beteken die skoene dat ons die goeie boodskap van die Bybel vorentoe moet laat beweeg en moet aanhou om daarvan te vertel sodat almal die Goeie Boodskap kan hoor.
- *Kinders van God moet altyd glo en weet dat hulle God se kinders is en dat Hy vir hulle lief is:* Nog 'n deel van die uitrusting wat die Romeinse soldaat moes beskerm, was 'n skild. 'n Skild was 'n plat stuk metaal of hout of vel wat 'n soldaat voor hom gehou het om te keer dat vyande se spiese en pyle hom seermaak. In Efesiërs 6 beteken dit dat as ons die Bybel ken, ons beskerm word van al die slegte en verkeerde dinge. Soos 'n skild, beskerm kennis van die Bybel ons sodat slegte en verkeerde dinge ons nie seermaak of doodmaak nie.

- *Kinders van God moet altyd glo dat God hulle sal help en beskerm: 'n Helm het die kop van die soldaat beskerm. Kinders van die Here moet ook 'n helm ophê om hulle van lelike en verkeerde gedagtes te beskerm. In Efesiërs 6 beteken dit dat ons God se kinders is en dat ons kennis van die Bybel ons helm moet wees om ons te beskerm teen slegte en verkeerde goed wat ons kan dink en doen.*
- *Kinders van God moet die Bybel ken sodat hulle kan weet hoe om reg te lewe: 'n Swaard is soos 'n lang, groot mes wat 'n soldaat gebruik het om mee te veg en homself te beskerm. In Efesiërs 6 beteken dit dat ons die Bybel, die Goeie Boodskap, moet ken en dat ons dit elke dag reg moet gebruik om ons te beskerm en om verkeerde dinge aan te val.*

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Afskrif van wapens op wit papier (kyk op die internet).
- Inkleurkryt.
- Skêre.
- Pritt.
- Gordel, borsharnas, stewels, skild, helm, swaard.
- A3-grootte Romeinse soldaat en sy wapens op karton (kyk op die internet).
- Wondergom (Prestik).
- Duimspykers.

## **KOM ONS BEGIN**

Een van die kategete open met gebed.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Die kategete van die verskillende groepe kyk of hul kinders die opdrag van hul groep se Les 1 gedoen het.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Lees die **opskrif** van Efesiërs 6: 10-20 en lees dan **vers 13**.

Vra die kinders om hul boeke oop te maak by vandag se les. Vra watter klere die man wat hulle sien, aanhet. Gee aan kinders uit die verskillende grade die geleentheid om te vertel wat hulle verstaan van al die goed wat die Romeinse soldaat dra en aanhet.

Verduidelik dat die Bybel daardie klere en toerusting wat hulle gedra het om hulself te beskerm as voorbeeld gebruik om ons te leer hoe ons as kinders van God moet maak om reg te lewe. Verduidelik die begrip *wapenrusting*: Dit was klere en beskerming wat Romeinse soldate gedra het om hulself te beskerm.

Hulle moes –

- 'n gordel of belt,
- 'n borsharnas,
- stewels,
- 'n skild,
- 'n helm op die kop, en
- 'n swaard dra.

### **IETS BELANGRIK**

Gebruik MEER INLIGTING hierbo om die waarde en simboliek van die verskillende kledingstukke van die soldaat aan die kinders te verduidelik. Roep 'n kind vorentoe en trek die wapens vir hom of haar aan.

### **IETS OM TE DOEN**

Verwys die kinders weer na die *wapens* van die Romeinse soldaat en vra dan wat elkeen beteken. Laat die kinders toe om elke keer die *wapen* en betekenis te herhaal sodat hulle al ses *wapens* met 'n betekenis kan identifiseer. Laat hulle hul dominante hande opsteek en gee van elke vinger 'n naam of beskrywing.

Noem –

- die duim – waarheid.
- die wysvinger – reg lewe.
- die middelvinger – die Goeie Boodskap vertel.
- die ringvinger – ek moet in God glo.
- die pinkie – God beskerm my.
- die hele hand – die Bybel leer my hiervan.

### **BY DIE HUIS**

- Die kinders kleur die dele in van die Romeinse soldaat se wapenrusting waarvan hulle geleer het.
- Laat die kinders vir hul ouers vertel wat die waarde en simboliek van elke wapen is soos hulle geleer het.

### **AFSLUITING**

Laat die kinders die eerste vers van Gesang 543 sing en lees vir hulle die woorde van die tweede vers voor.

*Here Jesus, ek is klein,  
maak U self my lewe rein.  
Laat ek altyd van U leer;  
laat ek grootword tot u eer.*

O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer.

O Verlosser, maak my sterk;  
vlytig om vir U te werk;  
laat my tog gehoorsaam bly,  
altyd gaan waar U my lei.

O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer.  
Amen.